**education**

Department:
Education
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN - 2006

**GESKIEDENIS V1 : SUID-AFRIKAANSE GESKIEDENIS**

**STANDAARDGRAAD**

**FEBRUARIE/MAART 2006**

**503-2/1 A**

**Punte: 150**

**2½ Ure**

**Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye en 'n ADDENDUM van 13 bladsye.**

GESKIEDENIS SG: Vraestel 1
Vraestel & Addendum

503 2 1A SG

X05

*Kopiereg voorbehou*

**INSTRUKSIES AAN KANDIDATE**

Lees die volgende instruksies sorgvuldig deur voordat besluit word watter vrae beantwoord gaan word.

1. Die vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B.

2. AFDELING A bestaan uit SES (6) opstelvrae.

3. AFDELING B bestaan uit DRIE (3) brongebaseerde vrae. Bronmateriaal wat gebruik gaan word om hierdie vrae te beantwoord, is in die ADDENDUM.

4. Jy word toegelaat om EEN (1) opstelvraag en EEN (1) brongebaseerde vraag van dieselfde tema te beantwoord.

5. MOENIE TWEE (2) opstelvrae uit dieselfde tema beantwoord NIE.

6. Beantwoord DRIE (3) vrae.

   6.1 Minstens EEN (1) moet 'n opstelvraag wees en minstens EEN (1) moet 'n brongebaseerde vraag wees.

   **6.2 JY MOET MINSTENS EEN (1) VRAAG UIT DIE VERPLIGTE TEMA BEANTWOORD: DIE PERIODE 1948 TOT 1976 (ÓF 'N OPSTELVRAAG ÓF 'N BRONGEBASEERDE VRAAG).**

7. Vrae en onderafdelings van vrae moet duidelik en korrek genommer wees.

8. Skryf duidelik en leesbaar.

## AFDELING A: OPSTELVRAE

Beantwoord ten minste EEN (1) vraag en nie meer as TWEE (2) vrae uit hierdie afdeling nie.

### VRAAG 1: DIE PERIODE 1924 TOT 1948

Beantwoord óf VRAAG 1A óf VRAAG 1B. MOENIE albei vrae beantwoord NIE.

**VRAAG 1A**

Beskryf die rol wat deur Generaal JBM Hertzog gespeel is in die verkondiging van Suid-Afrika se soewereine onafhanklikheid in die periode van 1924 tot 1934. **[50]**

**OF**

**VRAAG 1B**

Bespreek die totstandkoming van die Verenigde Party in 1934 en die redes vir die skeuring van die party in 1939. **[50]**

### VRAAG 2: DIE PERIODE 1948 TOT 1976

Beantwoord óf VRAAG 2A óf VRAAG 2B. MOENIE albei vrae beantwoord NIE.

**VRAAG 2A**

Beskryf die verskillende vorme van verset wat deur die bevrydingsorganisasies gevolg is in die stryd teen die apartheidsregering vanaf 1948 tot 1958.

**[50]**

**OF**

**VRAAG 2B**

Verduidelik die interne en eksterne stryd wat gevoer is tussen 1960 (Sharpeville) en 1976 (Soweto) en wat bygedra het tot die val van apartheid. **[50]**

### VRAAG 3: DIE PERIODE 1976 TOT 1994

Beantwoord óf VRAAG 3A óf VRAAG 3B. MOENIE albei vrae beantwoord NIE.

**VRAAG 3A**

Verduidelik hoe groterwordende magte, beide binne en buite Suid-Afrika in die periode 1983 tot 1989 die driekamerparlement op sy knieë gedwing het (laat ineenstort). **[50]**

**OF**

**VRAAG 3B**

Bespreek die proses van onderhandelinge tussen die verskillende politieke organisasies tussen 1990 en 1994, wat gelei het tot die stigting van 'n demokratiese Suid-Afrika. **[50]**

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING B: BRONGEBASEERDE VRAE

Beantwoord ten minste EEN (1) vraag uit hierdie afdeling. Bronmateriaal vir die beantwoording van hierdie vrae is in die ADDENDUM.

## VRAAG 4: DIE PERIODE 1924 TOT 1948

### 4.1 HOE HET DIE AFRIKANE (AFRICANS), KLEURLINGE EN INDIËRS NIERASSIGHEID IN DIE 1940's BESKOU?

Gebruik Bronne 4A, 4B, 4C en 4D om die volgende vrae te beantwoord:

4.1.1 Verwys na Bron 4A.

a) Wat was Dan Tloome se waarnemings van die ANC toe hy vir die eerste keer by die organisasie aangesluit het? (4 x 1)

b) Wat het Dan Tloome verstaan onder die term *nierassigheid*? (2 x 2)

4.1.2 Bestudeer Bron 4B.

a) Waarom het Graham Morodi Afrikanisme as ooreenstemmend met apartheid beskou? (2 x 2)

b) Wat het Morodi verstaan onder die term *nierassigheid*? (3 x 1)

c) Waarom was Morodi ten gunste van die idee om met die kommuniste saam te werk? (3 x 1)

4.1.3 Bestudeer Bron 4C. Verduidelik waarom Dr Goonam gevoel het dat dit nodig is om ontslae te raak van die ouer garde in die Natalse Indiërkongres. (3 x 2)

4.1.4 Verwys na Bron 4D.

a) Waarom het die werkers by die ritssluiterfabriek besluit om te staak? (2 x 1)

b) Beskryf hoe jy voel oor 'n African wat 'n kleurling-vakbond lei. (3 x 2)

c) Verduidelik hoe die regering se poging om die werkers van die verskillende rasse te skei, misluk het. (3 x 2)

4.1.5 Die Verklaring van Menseregte waarborg vryheid van assosiasie. Gebruik die inligting uit alle bronne en jou eie kennis, skryf 'n paragraaf van sowat 15 reëls oor hoe nierassigheid deur die Afrikane, Kleurlinge en Indiërs beskou (verstaan) is. (12)

**[50]**

**VRAAG 5: DIE PERIODE 1948 TOT 1976**

**5.1 WAS DIE 'CONGRESS OF THE PEOPLE' DIE EERSTE DEMOKRATIESE 'PARLEMENT' VAN DIE MENSE VAN SUID-AFRIKA?**

Gebruik Bronne 5A, 5B, 5C en 5D om die volgende vrae te beantwoord:

5.1.1 Verwys na Bron 5A.

a) Wat is die eise wat deur die afgevaardigdes in die bron gemaak word? (4 x 1)

b) Hoe nuttig is die bron om 'n historikus te help om die gebeure by Kliptown te rekonstrueer? (2 x 2)

c) Wat, dink jy, was die gemoedstemming (gevoel) van die mense by die Kongres? (2 x 2)

5.1.2 Verwys na Bron 5B.

a) Wat is die ooreenkoms tussen Bron 5A en Bron 5B? (1 x 2)

b) Hoe is die Kongres-afgevaardigdes deur die 'ouens' en lede van die ANC-Vroueliga vermaak? (3 x 1)

5.1.3 Gebruik Bron 5C.

a) Waarom is Gert Sibande gedwing om 'n masker te dra? (2 x 1)

b) Waarom het Muller aan die veiligheidsmagte die opdrag gegee om Sibande nie gevange te neem nie? (2 x 2)

c) Verduidelik waarom die opstel van die Vryheidsmanifes as 'n demokratiese proses beskou word. (2 x 1)

5.1.4 Verwys na Bron 5D.

a) Waarom het die ANC gedink dat dit nodig is om met ander organisasies saam te werk? (2 x 2)

b) Watter TWEE metodes het die afgevaardigdes gebruik om die polisie oppad na Kliptown te vermy? (2 x 1)

c) Watter aksies het die polisie geneem toe die afgevaardigdes in Kliptown aankom? (3 x 1)

d) Verduidelik hoekom die beginsel 'dat Suid-Afrika aan almal behoort wat daarin woon, swart en wit' nie deur die regering van die dag ondersteun is nie. (2 x 2)

e) Identifiseer die doelstellings van die Vryheidsmanifes wat die basiese behoeftes van die mense beklemtoon. (2 x 1)

5.1.5 Suid-Afrika herdenk 50 jaar van die Vryheidsmanifes.
Gebruik al die bronne en jou eie kennis, skryf 'n paragraaf van sowat 12 reëls waarom die Congress of the People (Vryheidsmanifes) as die eerste 'demokratiese parlement' van Suid-Afrika beskou word. (10)

**[50]**

## VRAAG 6: DIE PERIODE 1976 TOT 1994

### 6.1 WAT WAS DIE AANVANKLIKE STANDPUNTE VAN DIE POLITIEKE LEIERS OOR 'N ONDERHANDELDE SKIKKING VIR SUID-AFRIKA TUSSEN 1990 EN 1992?

Bestudeer Bronne 6A, 6B en 6C om die volgende vrae te beantwoord:

6.1.1 Bestudeer Bron 6A, paragraaf 1 en 2.
Waarom, volgens die Pan Africanist Congress leierskap (President Zeph Mothopeng en Benny Alexander) was die organisasie (PAC) gekant teen 'n onderhandelde skikking vir Suid-Afrika? (4 x 1)

6.1.2 Gebruik Bron 6A en verduidelik waarom jy met Benny Alexander se stelling 'Ons het nooit gesê dat ons teen onderhandelinge gekant is nie', sal saamstem. (3 x 2)

6.1.3 Verwys na Bron 6B.

(a) Verduidelik die verskil tussen 'n 'nierassige demokrasie' en 'n 'blanke krygerstaat uit 'n vyandige swart kontinent'. (2 x 3)

b) Gebruik Bron 6B en sê of jy met Ken Owen se mening dat Dr. Andries Treurnicht se onderhandelinge tot mislukking gedoem was, kon saamstem. (3 x 2)

c) Waarom is Ken Owen so oortuig dat 'Ons (blankes) kan nou uit 'n posisie van mag onderhandel'? (2 x 2)

d) Wat is die verskille tussen Dr. Ferdi Hartzenberg en Treurnicht ten opsigte van onderhandelinge? (4 x 2)

6.1.4 Gebruik Bron 6C

a) Verduidelik die spotprenttekenaar se uitbeelding van die verhouding tussen Andries Treurnicht, Oupa Gqozo, Mangosuthu Buthelezi en Lucas Mangope. (3 x 2)

b) Verduidelik die verskille in die benadering ten opsigte van onderhandelinge soos dit deur DON (spotprenttekenaar) uitgebeeld word? (1 x 2)

6.1.5 Gebruik die inligting uit al die bronne en jou eie kennis, skryf 'n paragraaf van sowat 10 reëls oor hoe jy die politieke leiers wat teen onderhandelinge gekant is, sou oortuig het om by die proses aan te sluit. (8)

**[50]**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou

# GESKIEDENIS V1 : SUID-AFRIKAANSE GESKIEDENIS

## ADDENDUM

## STANDAARDGRAAD

## FEBRUARIE/MAART 2006

## 503-2/1 A

## 4.1 HOE HET DIE AFRIKANE (AFRICANS), KLEURLINGE EN INDIËRS NIERASSIGHEID IN DIE 1940's BESKOU?

### BRON 4A

'n Aanhaling uit 'n verklaring (aangepas) van Dan Tloome, 'n Vakbondlid, 'n lid van die African National Congress en die Kommunistiese Party van Suid-Afrika.
Hy praat van die veranderde houding van die ANC en die posisie daarvan ten opsigte van nierassigheid.

Op die tydstip toe ek vir die eerste keer aangesluit het, was die ANC 'n organisasie met onderwysers, intellektueles, kerklui – almal uit die elite van die Afrikaan- (African) gemeenskap. Jongmense was nie juis geïnteresseerd in die ANC nie. Hulle het gevoel dat dit 'n organisasie vir oumense is. Gevolglik kon die ANC nooit vooruitstrewend gewees het totdat jongmense daarby aangesluit het nie: die Tambo's, Mandela's en so aan. Hulle was lede van die ANC-Jeugliga. Dit was toe die jongmense lid van die ANC geword het, dat daar verandering in die ideologie kon plaasvind, omdat die oumense in die verlede aan betogings, versoenende houding met die regeringsmagte en so aan geglo het. Hulle het nie veel in optrede teen die regering belanggestel nie.
Tog lyk dit dat terwyl jy die Jeugliga se militantheid ondersteun, jy ook krities is teenoor hul definisie van die vyand.

My begrip van nierassigheid verskil heeltemal van baie mense wat dink dat dit 'n kwessie tussen wit en swart is. My benadering tot die hele ding kom neer op 'n kwessie van winste. Dit is die ekonomiese motief wat 'n mens in berekening moet bring. Mense praat oor rassisme, maar ek is nie soseer daaroor bekommerd nie – ek is bekommerd oor die motief daarvan.

**BRON 4B**

Hierdie is ’n uittreksel uit ’n pamflet wat Graham Morodi se onwilligheid om die Afrikaniste te ondersteun, aandui.

> ...Omdat ek voel dat hul [Afrikaniste] gedagterigting verkeerd is – dit ondersteun apartheid. Dit is nie ’n kwessie van om ’n wit persoon te verwyder en hom/haar met ’n swarte te vervang nie. Ek dink dat ’n nierassige gemeenskap, waar almal saamleef en die rykdom van die land geniet, beter is, want dit beëindig die haat tussen die mense.
>
> Die Afrikaniste binne die ANC het alle assosiasie van die 'non-African' (nie swart) rassegroep met die ANC verwerp. Hulle is baie anti-kommunisties. Ek is nie ’n kommunis nie, maar ek haat nie kommuniste nie. Ek dink ons veg tans teen dieselfde vyand teen rassisme en fascisme, en ek dink dat ons met die kommuniste bondgenote kan wees omdat hulle bereid is om te veg. Die idee is om met alle belangstellende magte die fasciste uit te druk.
>
> Ek het saam met IB Marks gewerk, ek het saam met Moses Kotane gewerk, ek het saam met vele ander kommunistiese leiers gewerk. Maar Kotane het altyd gesê as hy die ANC-kaders toespreek, 'Diegene in die ANC wat dink dat hulle kommuniste is, moenie hul kommunistiese politiek met die ANC bespreek nie – hulle moet ANC-politiek bespreek, anders moet hulle die ANC verlaat.'

Kopiereg voorbehou

**BRON 4C**

Hierdie uittreksel is 'n onderhoud met Dr. Goonam, een van die jong millitantes binne die Natalse Indiërkongres, oor haar voorneme om ontslae te raak van die 'ouer garde' in die organisasie.

Tot dusver het ons werklik slegs 'n groep kapitaliste gehad, meestal mense wat dit kon bekostig om die leiers van die betrokke groep te volg – manne wat met die regering gesels en geskik het, en werklik 'n paar toegewings aan die genade in die naam van die Indiërs gemaak het, omdat hulle ons elke keer uitverkoop het as hulle vir [die Eerste Ministers] Smuts en Hertzog op die tydstip gaan sien het. Dit het ons nie gepas nie, want ons het hul mannewales (streke) en hul taktiek gevolg en ons het gevoel dat daar iets gedoen moet word. Dus het ons die ouer garde uitgedaag.

Was jy bewus daarvan dat Nelson Mandela, Walter Sisulu en Oliver Tambo ook betrokke was in dieselfde soort oefening om die ouer garde in die ANC-Jeugliga te onttroon?

Hulle het daar die oues geëlimineer en ons elimineer die oues hier. Dit is 'n senutergende werk, want oral waar jy gaan, sê hulle, 'Jy wil seker hê dat ons met alle soorte mense kragte moet saamsnoer' – bedoelende Afrikane (Africans). En ons moes by hulle sit en praat, aan hulle verduidelik. Dit het ure van verduideliking aan baie ou mense, wie se sienings nie oornag kon verander nie, beteken. Om met hulle in hul eie taal te praat, het baie gehelp. Baie Indiërs het gesê, 'Nou wil jy hê dat ons met Afrikane trou, is dit nie so nie?' Ek het gesê, 'Nee, ek dink nie hulle wil met jou trou nie. Ons bly in dieselfde land – is dit jou land? Wil jy hier woon?' En het ek gesê, 'Hoe gaan jy leef? In 'n klein hoekie, of wil jy lekker leef, op 'n vriendelike wyse met die Afrikane?' Dan het hulle gesê, 'Ja, maar hoe? Want hulle sal ons nie vertrou nie.'

## BRON 4D

Hierdie is 'n onderhoud met Zola Zembe, 'n vakbondlid, oor sy ervarings om kleurlinge en Afrikane in 'n enkele vakbond te organiseer.

Die storie wat in my gedagtes bly vassteek was toe ons ongeveer 200 kleurlingvroue in 'n ritssluiterfabriek organiseer het. Op hierdie tydstip het ons vir 'n bemiddelingsraad aansoek gedoen, sodat die vakbond registreer kon word en hulle vir 'n bedingingsposisie kon aansoek doen. Ons het na die kleurlingvroue gegaan en gesê, 'Luister, dit is nou meer as 'n maand, en die regering het nog nie op jul aansoekbrief vir die bemiddelingsraad geantwoord nie, daarom is dit julle reg om te staak.' Hierdie ding was anders, hulle was kleurlinge en ek die enigste Afrikaan wat hulle gelei het. Ek was daar gedurende etenstyd en ons het beplan dat ons met die vergadering sou voortgaan as die klok om twee-uur lui. Ons het met die vergadering voortgegaan asof niks gebeur het nie. Die hulp van die polisie is natuurlik ingeroep en toe hulle op my afstorm en sien dat ek 'n Afrikaan is, het hulle gesê, 'Jy is onder arres!'

Ek is na die Maitlandse polisiestasie geneem, maar is na 'n uur vinnig teruggeneem, omdat die kleurlingvroue daarop aangedring het: 'As die persoon nie teruggebring word nie, sal dit die einde wees, julle kan dan maar die fabriek sluit.' Verstaan julle wat ek bedoel: as werkers ordentlik georganiseer is, verdwyn die kleurkwessie. Hier is ek, 'n Afrikaan, nie eens 'n Afrikaan wat goed kan kommunikeer nie, maar ek was vir hulle 'n simbool van eenheid. So het hulle ook gesê, 'daardie ou moet terugkom.' Hulle het my teruggeneem en die vroue het na die fabriek teruggekeer en ons het die staking gewen – kleurlinge gelei deur 'n Afrikaan. Jy weet, vir my was dit 'n groot gebeurtenis, omdat Suid-Afrika in segmente georganiseer is en mense dit moeilik vind om leiers uit ander rassegroepe te volg, maar in die vakbondbeweging was hierdie kleurlingvroue bereid om 'n Afrikaan te volg.

Die vakbond het 'n groot aandeel hierin. Byvoorbeeld, as mens arresteer word, sien jy dikwels blankes onder diegene wat gearresteer is. Jy weet, sodra jy mense begin organiseer, stel jy jouself bloot aan arrestasie, maak nie saak of jy wit, pienk of groen is nie. Verstaan jy, jy hoef dit nie in 'n boek te lees nie, dis so duidelik soos A, B, C: as mense in Suid-Afrika staak, dan is die polisie die eerste ding wat uitgeroep word – hulle moker (slaan) jou. Die regering is slegs 'n organisasie wat gevorm is deur diegene wat 'n klomp geld het om hulself te beskerm, dis niks anders nie.

**VRAAG 5: DIE PERIODE 1948 TOT 1976**

**5.1 WAS DIE 'CONGRESS OF THE PEOPLE' DIE EERSTE DEMOKRATIESE 'PARLEMENT' VAN DIE MENSE VAN SUID-AFRIKA?**

**BRON 5A**

Hierdie is 'n foto van afgevaardiges in 1955 by die 'Congress of the People' in Kliptown met plakkate waarop eise vanaf basiese menslike behoeftes tot menseregte is.




Kopiereg voorbehou 

**BRON 5B**

Hierdie is 'n onderhoud met 'n vrywilliger wat die 'Congress of the People' in Kliptown in 1955 bygewoon het. Hy beskryf die gebeure soos wat dit plaasgevind het.

**Chetty**: Die Natal Middellande se afvaardiging het reg voor gesit, naby die verhoog. Van waar ons gesit het, kon ons oor die hele plek kyk. 'n See van gesigte. Die singery het aangehou. Eet. Verspreiding van pamflette. Lees. Mense wat praat. Dit was 'n massiewe skare.

Ek dink hulle het net na twee met die sessie begin. Hulle het 'n orkes van Johannesburg gehad, ANC-ouens, hulle het op 'n kitaar gespeel en begin sing. Haai, ek sê jou, die manier waarop hulle gesing het, het die skare laat deelneem.

Toe het die konferensie in alle erns aangegaan. Terwyl die prosedure aan die gang was, was dit gemeng met sang. Jy weet, Lilian Ngoyi en Winnie Mandela en Albertina [Sisulu], en hulle het iemand van die Kaap gehad, 'n SACPO- en 'n COD-groep het hul items gelewer.

Elke keer as daar 'n sessie van die Kongres plaasgevind het, was daar onmiddellike stilte en stemmigheid. Item-vir-item is die Handves gelees. Die Nasionale Konsultiewe Komitee het reeds 'n konsep voorberei. Daarna is dit oopgegooi vir bespreking.

**BRON 5C**


Hierdie is 'n onderhoud met Gert Sibande oor die gebeure by die 'Congress of the People'. Die legandariese Sibande, wie ingeperk was, het by die Kongres in 1955 gepraat.

**Gert Sibande**: Nadat ek uit Evaton verdryf is, het ek 'n twee jaar-inperkingsbevel gekry. Dit het net voor die 'Congress of the People' verstryk. Ek was seker dat hulle my weer sou inperk. Maar hulle kon my nie vind nie. Ek is vasbeslote om na Kliptown te gaan, want ek was een van die sprekers.

Ek het vermom na Kliptown gegaan. Ek het 'n gesigskerm en baadjie met 'n serp om my nek gedra. In Kliptown was hulle op die uitkyk vir my. Ek het reg langs Muller, hoof van die Geheime Polisie, gestaan. En toe sê die voorsitter: 'Ek roep die volgende spreker.' Ek het na die verhoog gestap en 'n jong man het my masker afgehaal.

'Dit is Sibande, dit is Sibande!' het Muller geskree. Die polisie het vinnig na die verhoog gestorm en dit omsingel. Maar Muller het aan hulle gesê: 'Gaan terug na jul motors.' Hy het geweet dat ek op die stadium mag gehad het. As ek sou sê dat hulle (die polisie) doodgemaak moes word, sou die mense hulle doodmaak. Ek het vir 'n halfuur op die verhoog gestaan en oor politiek gepraat. As daar iets ernstigs op my hart gelê het, kon ek twee tot drie uur geneem het om klaar te maak. Dit was 'n baie moeilike dag. Ek kom baie sterk oor wanneer ek 'n vergadering toespreek. Ek het nooit notas gebruik nie. Ek het altyd uit die vuis gepraat.

Hierdie is 'n foto van Gert Sibande, een van die sprekers by die 'Congress of the People' in 1955



**BRON 5D**

Hierdie is 'n uittreksel oor die 'uitdagings' wat die afgevaardigdes in die gesig gestaar het op pad na Kliptown in 1955.

Leiers soos die ANC se Albert Luthuli het die nodigheid besef van 'n heroorweging van strategie en samewerking met ander eendersdenkende teenstanders van apartheid. Die ANC het homself aan die nuwe 'Congress of Democrats', 'Coloured Peoples' Organisation', die 'South African Congress of Trade Unions' en die Suid-Afrikaanse Indiërkongres, verbind.

Vergaderings is in verskeie provinsies gehou en die Nasionale Aksiekomitee is aangewys. Die behoefte het ontstaan vir 'n 'Congress of the People' wat in Kliptown, naby Johannesburg, in Junie 1955 gehou is.

Byna drieduisend afgevaardigdes van alle rasse het op 25 en 26 Junie 1955 opgedaag om die Vryheidsmanifes te oorweeg. Diegene wat dit bygewoon het, het baie frustrasies beleef. Die polisie het party wat nie 'vervoerpermitte' gehad het nie, gestop. Andere moes voorgee dat hulle op pad na 'n troue was. Party moes ompaaie volg om by die vergadering op te daag sonder om teruggestuur te word. Gewapende polisie het opgedaag. Die voorsitter, Pieter Beyleveld, is deur die polisie se bevelvoereder genader. Hy moes die skare inlig dat die polisie tussen hulle sou deurloop om hul passe na te gaan en die baniere en plakkate te verwyder. Aantekeninge is van al die toesprake gemaak en alle blanke afgevaardigdes is gefotografeer.

Die Vryheidsmanifes is aanvaar. Dit begin soos volg: 'Ons, die mense van Suid-Afrika, verklaar vir die hele land en die wêreld om te weet, dat Suid-Afrika aan almal wat daarin woon, swart en wit, behoort en dat geen regering geregverdig op heerskappy aanspraak kan maak as dit nie gebaseer is op die wil van die mense nie.
Die doelstellings het ingesluit: dat die mense sal regeer; alle nasionale groepe sal gelyke regte hê; mense sal deel hê aan die land se rykdom; die land sal gelyk verdeel word onder dié wat dit bewerk; almal sal gelyk wees voor die reg; almal sal gelyke Menseregte hê; daar sal werk en sekuriteit wees; die deure van leer en kultuur sal geopen word; daar sal huise, veiligheid en gerief wees; daar sal vrede en vriendskap wees.

Kopiereg voorbehou 

## VRAAG 6: DIE PERIODE 1976 TOT 1994

### 6.1 WAT WAS DIE AANVANKLIKE STANDPUNTE VAN DIE POLITIEKE LEIERS OOR 'N ONDERHANDELDE SKIKKING VIR SUID-AFRIKA TUSSEN 1990 EN 1992?

**BRON 6A**

Die volgende is uittreksels uit verskillende artikels oor die aanvanklike siening van die Pan Africanist Congress oor onderhandelinge.

[Zeph Mothopeng het gesê] 'Ons bevryding, die bevryding van die Afrikaan-werker (African), kan nie oor onderhandel word nie, dit sal verwerf word. Jy kan nie na 'n onderhandelingstafel gaan vir jou vryheid nie. Wanneer jy na die onderhandelingstafel gaan, moes jy alreeds jou vryheid verwerf het.' *(Sowetan, 20 November 1989)*

'Die PAC se voortdurende onvermoë om ware politiek van retoriese politiek te onderskei, word getoon deur hierdie leë slagspreuke. Indien jy reeds bevry is en jou teenstaander verslaan het, waarom moet jy die moeite doen om na 'n onderhandelingstafel te gaan? Vroeg in 1990 het Benny Alexander, die PAC se sekretaris-generaal, dieselfde seining oor verwerping van onderhandelinge uitgespreek: Daar is geen kans dat onderhandelinge as 'n oplossing gesien kan word vir al ons behoeftes nie. Daarom is dit bestem om te misluk.' *(Indicator SA, vol. 7, no.3)*

'Politiek is die soeke na die oplossing; enigiets minder as dit is 'verraad'. Maar, soos gewoonlik, was die PAC orals. Die einste Benny Alexander het min of meer dieselfde tyd beklemtoon dat: Ons het nooit gesê ons is teen onderhandelinge nie. Ons het gesê wat ons standpunt is, maar omdat dit deur die media aangeneem is dat hierdie [standpunt] nou maklik deur die regering aanvaar sal word, sê die joernaliste daarom dat ons teen onderhandelinge is.' *(Work in Progress, Januarie, 1990)*

'Met die besef dat dit moontlik as 'n bysaak beskou gaan word, en onder druk van ander Afrika-lande wat steeds 'n bietjie finansiële ondersteuning daaraan verskaf het, het die PAC 'n raadgewende konferensie in Harare in Maart 1990 byeengeroep en sy siening oor onderhandelinge gewysig. Dit beweeg na 'n 'voorwaardelike aanvaarding' van onderhandelinge. Die PAC het 'n brief aan die OAE geskryf, om sy nuwe siening te beskryf.' *(sien Front File, April 1990)*

Kopiereg voorbehou

**BRON 6B**

Hierdie is 'n uittreksel uit 'n artikel van Ken Owen, in die *Sunday Times* van 8 Maart 1992, onder die opskrif: *Aanvaar dit: hierdie sal die skeiding wees van weë.* In die artikel wil Owen die lesers oortuig dat onderhandeling die beste vir hul toekoms sou wees, daarom moet hulle JA in die referendum stem.

Die enigste vraag ... is dit, moet ons onsself daartoe verbind om 'n nierassige demokrasie deur onderhandeling daar te stel, of moet ons probeer om 'n blanke krygerstaat op 'n vyandige swart vasteland uit te kerf en dit vir ewig te verdedig?

Die keuse is duidelik: of ons brei ons mag uit, en offer ons seuns en rykdom in een laaste bo-menslike poging op om onsself uit Afrika se kloue los te skeur, of ons sit en onderhandel, en probeer om 'n demokrasie te skep, 'n land so vry en veilig dat sy verskeidenheid mense en kulture 'n glorie en nie 'n kruis sal wees nie.

Na beide kante staar ons onsekerheid in die gesig. Dit is nie ondenkbaar dat demokrasie wel kan misluk nie, ... maar dit is nog minder moontlik om te dink dat 'n klein wit staatjie vir ewig teen die hele wêreld kan voortbestaan ...

... Dr Andries Treurnicht, wat geweier het om by CODESA aan te sluit, praat van onderhandeling met swart mense oor 'n afsonderlike tuisland vir blankes. Hy praat louter onsin, en hy weet dit ...

... Ons kan nou uit 'n magsposisie onderhandel, later sal ons swakker wees. Die blanke bevolking word minder, sy skole loop leeg as gevolg van 'n tekort aan leerders, sy polisie en soldate word gebruik om die grense of voorstede te patrolleer ...

... Dr. Treurnicht en sy manne praat glad nie oor enige van hierdie sake nie. Met die uitsondering van die dwase Dr. Ferdi Hartzenberg, wat vasklou aan die Verwoerdiaanse-formule wat misluk het, kon hulle ons nog nie eers sê waar die nuwe 'blanke' staat sal wees nie, óf hoe dit sal funksioneer, óf wie dit sal verdedig nie. Hulle is anti-intellektueel en hulle gebruik die onkunde van hul volgelinge, wie hulle hoop, gereed is om blindelings gelei te word.

**BRON 6C**

Hierdie is 'n spotprent van DON, gedateer 8 Oktober 1992, wat die periode van politieke hergroepering gedurende die onderhandelingsproses uitbeeld. In hierdie spotprent word Nelson Mandela en FW de Klerk voorgestel waar hulle 'n ingewikkelde tango dans, terwyl die Afrikaner-vleuel onder leiding van Andries Treurnicht uitreik na tuislandleiers soos Lucas Mangope (Bophuthatswana), Oupa Gqozo (Ciskei) en Mangosuthu Buthelezi (Kwa-Zulu).

Afrikaanse vertaling van wat gesê word:

...Toe gryp Oupa vir Lucas om sy middel terwyl Gatsha met my tiekie-draai... Gatsha! Gee aandag, Outjie




Dit is 'n dansvorm waarna verwys word as 'n "Vastrap"

Behalwe in gevalle waar spesifiek aangedui is, is alle materiaal in hierdie addendum vertalings van oorspronklike bronmateriaal uit Engels.

## ERKENNINGS

Uittreksels en visuele bronne wat in hierdie addendum gebruik is, kom onder andere uit die volgende publikasies:

ANC. n.d. *What Can I Do? – A Guide to Action Against Apartheid* ([Amsterdam]: World Assembly of Youth)
Beinart, W. 1994 *Twentieth Century South Africa* (Oxford: University Press)
Berry, A. 1989 *Act by Act – 40 Years of Nationalist Rule in South Africa* (Johannesburg: Lowry)
BOPG. 1953 *Agter Tralies en Doringdraad* (Stellenbosch: Pro Ecclesia)
Bottaro, J and P. Visser 1999 *In Search of History Grade 12* (Cape Town: Oxford University Press)
Brickhill, J. 1991 *South Africa – The End of Apartheid?* (London: Aladdin)
Callinicos, L. 1993 *A Place in the City – The Rand on the Eve of Apartheid*, (Cape Town: Ravan & Maskew Miller Longman)
Cameron-Dow, J. 1994 *South Africa 1990-1994. The Miracle of a Freed Nation* (Cape Town: Don Nelson)
Danziger, C. *South African History 1910 – 1970.* (Cape Town: Oxford University Press)
Davenport, T.R.H. 1987 *South Africa: A Modern History* (Bergvlei: Southern Book Publishers)
Dugmore, H et al (ed.). 1999 *Nelson Mandela – A Life in Cartoons* (Cape Town: David Philip)
Du Toit, D. 1981 *Capital and Labour in South Africa* (London: Kegan Paul)
Fenwick, J and C. Rosenhain. 1991 *South Africa; From Settlement to Self-Determination* (Melbourne: Oxford University Press)
Frederikse, J. 1987 *South Africa – A Different Kind of War* (London: James Currey)
Govender, S.P. et al 2004 *New Generation History Study Guide Grade 12* (Musgrave: New Generation)
Govender, S.P. et al 2003 *New Generation History Grade 12* (Musgrave: New Generation)
Graves, F.E and E. Viglieno 2001 *History for Today Grade 12* (Landsdowne: Juta Gariep)
Institute for Justice and Reconciliation 2004 *Turning Points in History Series Books 4 – 6* (Johannesburg: STE Publishers)
Joyce, P. 1990 *The Rise and Fall of Apartheid* (Cape Town: Struik)
Kerfoot, C. (ed.) *We Came to Town* (Johannesburg: Ravan)
Lewsen, P. 1988 *Voices of Protest – From Segregation to Apartheid* (Johannesburg: A.D. Donker)
McMahon P. and E. Schulman. *X-Kit History HG and SG Grade 12* (Cape Town: Maskew Miller Longman)
Mermelstein, D. 1987 *The Anti-Apartheid Reader* (New York: Grove)
Ministry of Education 2004 *Every step of the way: The journey to freedom in South Africa* (Cape Town: HSRC Press)
Muller, C.F.J. (ed.) 1980 *500 Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis* (Pretoria: Academica)
Nasson, B. (ed) 2004 *Turning Points in History* (Johannesburg: STE Publishers)
New Nation publication (April 16 – April 22 1993).
Nuttal, T. et al *From Apartheid to Democracy* (Pietermaritzburg: Shuter & Shooter)
O'Donoghue, C. June 16, 1976: The Day that Shaped a Nation (*Marie Claire,* June 1998)
Pampallis, J. 1997 *Foundations of the New South Africa* (Cape Town: Maskew Miller Longman)
Pape, J. et al 1998 *Making History Standard 10 Grade 12* (Johannesburg: Heinemann)
Pike, H.R. 1985 *A History of Communism in South Africa* (Pretoria; Sigma)
Roberts, M. 1993 *A History of South Africa* (Essex: Longman)
Seleti, Y. (series ed.) *Looking into the Past Grade 12* (Cape Town: Maskew Miller Longman)
Suttner Raymond (n d) *The Freedom Charter – The People's Charter in the Nineteen-Eighties* (Paper delivered at the University of Cape Town)
The Poster Book Collective: South African History Archive. 1991 *Images of Defiance* (Johannesburg: Raven Press)

# GESKIEDENIS V1 : SUID-AFRIKAANSE GESKIEDENIS

## ADDENDUM

## STANDAARDGRAAD

## FEBRUARIE/MAART 2006

## 503-2/1 A

Kopiereg voorbehou 

## 4.1 HOE HET DIE AFRIKANE (AFRICANS), KLEURLINGE EN INDIËRS NIERASSIGHEID IN DIE 1940's BESKOU?

### BRON 4A

'n Aanhaling uit 'n verklaring (aangepas) van Dan Tloome, 'n Vakbondlid, 'n lid van die African National Congress en die Kommunistiese Party van Suid-Afrika.
Hy praat van die veranderde houding van die ANC en die posisie daarvan ten opsigte van nierassigheid.

Op die tydstip toe ek vir die eerste keer aangesluit het, was die ANC 'n organisasie met onderwysers, intellektueles, kerklui – almal uit die elite van die Afrikaan- (African) gemeenskap. Jongmense was nie juis geïnteresseerd in die ANC nie. Hulle het gevoel dat dit 'n organisasie vir oumense is. Gevolglik kon die ANC nooit vooruitstrewend gewees het totdat jongmense daarby aangesluit het nie: die Tambo's, Mandela's en so aan. Hulle was lede van die ANC-Jeugliga. Dit was toe die jongmense lid van die ANC geword het, dat daar verandering in die ideologie kon plaasvind, omdat die oumense in die verlede aan betogings, versoenende houding met die regeringsmagte en so aan geglo het. Hulle het nie veel in optrede teen die regering belanggestel nie.
Tog lyk dit dat terwyl jy die Jeugliga se militantheid ondersteun, jy ook krities is teenoor hul definisie van die vyand.

My begrip van nierassigheid verskil heeltemal van baie mense wat dink dat dit 'n kwessie tussen wit en swart is. My benadering tot die hele ding kom neer op 'n kwessie van winste. Dit is die ekonomiese motief wat 'n mens in berekening moet bring. Mense praat oor rassisme, maar ek is nie soseer daaroor bekommerd nie – ek is bekommerd oor die motief daarvan.

**BRON 4B**

Hierdie is ’n uittreksel uit ’n pamflet wat Graham Morodi se onwilligheid om die Afrikaniste te ondersteun, aandui.

...Omdat ek voel dat hul [Afrikaniste] gedagterigting verkeerd is – dit ondersteun apartheid. Dit is nie ’n kwessie van om ’n wit persoon te verwyder en hom/haar met ’n swarte te vervang nie. Ek dink dat ’n nierassige gemeenskap, waar almal saamleef en die rykdom van die land geniet, beter is, want dit beëindig die haat tussen die mense.

Die Afrikaniste binne die ANC het alle assosiasie van die 'non-African' (nie swart) rassegroep met die ANC verwerp. Hulle is baie anti-kommunisties. Ek is nie ’n kommunis nie, maar ek haat nie kommuniste nie. Ek dink ons veg tans teen dieselfde vyand teen rassisme en fascisme, en ek dink dat ons met die kommuniste bondgenote kan wees omdat hulle bereid is om te veg. Die idee is om met alle belangstellende magte die fasciste uit te druk.

Ek het saam met IB Marks gewerk, ek het saam met Moses Kotane gewerk, ek het saam met vele ander kommunistiese leiers gewerk. Maar Kotane het altyd gesê as hy die ANC-kaders toespreek, 'Diegene in die ANC wat dink dat hulle kommuniste is, moenie hul kommunistiese politiek met die ANC bespreek nie – hulle moet ANC-politiek bespreek, anders moet hulle die ANC verlaat.'

Kopiereg voorbehou 

**BRON 4C**

Hierdie uittreksel is 'n onderhoud met Dr. Goonam, een van die jong millitantes binne die Natalse Indiërkongres, oor haar voorneme om ontslae te raak van die 'ouer garde' in die organisasie.

Tot dusver het ons werklik slegs 'n groep kapitaliste gehad, meestal mense wat dit kon bekostig om die leiers van die betrokke groep te volg – manne wat met die regering gesels en geskik het, en werklik 'n paar toegewings aan die genade in die naam van die Indiërs gemaak het, omdat hulle ons elke keer uitverkoop het as hulle vir [die Eerste Ministers] Smuts en Hertzog op die tydstip gaan sien het. Dit het ons nie gepas nie, want ons het hul mannewales (streke) en hul taktiek gevolg en ons het gevoel dat daar iets gedoen moet word. Dus het ons die ouer garde uitgedaag.

Was jy bewus daarvan dat Nelson Mandela, Walter Sisulu en Oliver Tambo ook betrokke was in dieselfde soort oefening om die ouer garde in die ANC-Jeugliga te onttroon?

Hulle het daar die oues geëlimineer en ons elimineer die oues hier. Dit is 'n senutergende werk, want oral waar jy gaan, sê hulle, 'Jy wil seker hê dat ons met alle soorte mense kragte moet saamsnoer' – bedoelende Afrikane (Africans). En ons moes by hulle sit en praat, aan hulle verduidelik. Dit het ure van verduideliking aan baie ou mense, wie se sienings nie oornag kon verander nie, beteken. Om met hulle in hul eie taal te praat, het baie gehelp. Baie Indiërs het gesê, 'Nou wil jy hê dat ons met Afrikane trou, is dit nie so nie?' Ek het gesê, 'Nee, ek dink nie hulle wil met jou trou nie. Ons bly in dieselfde land – is dit jou land? Wil jy hier woon?' En het ek gesê, 'Hoe gaan jy leef? In 'n klein hoekie, of wil jy lekker leef, op 'n vriendelike wyse met die Afrikane?' Dan het hulle gesê, 'Ja, maar hoe? Want hulle sal ons nie vertrou nie.'

**BRON 4D**

Hierdie is ’n onderhoud met Zola Zembe, ’n vakbondlid, oor sy ervarings om kleurlinge en Afrikane in ’n enkele vakbond te organiseer.

Die storie wat in my gedagtes bly vassteek was toe ons ongeveer 200 kleurlingvroue in ’n ritssluiterfabriek organiseer het. Op hierdie tydstip het ons vir ’n bemiddelingsraad aansoek gedoen, sodat die vakbond registreer kon word en hulle vir ’n bedingingsposisie kon aansoek doen. Ons het na die kleurlingvroue gegaan en gesê, 'Luister, dit is nou meer as ’n maand, en die regering het nog nie op jul aansoekbrief vir die bemiddelingsraad geantwoord nie, daarom is dit julle reg om te staak.' Hierdie ding was anders, hulle was kleurlinge en ek die enigste Afrikaan wat hulle gelei het. Ek was daar gedurende etenstyd en ons het beplan dat ons met die vergadering sou voortgaan as die klok om twee-uur lui. Ons het met die vergadering voortgegaan asof niks gebeur het nie. Die hulp van die polisie is natuurlik ingeroep en toe hulle op my afstorm en sien dat ek ’n Afrikaan is, het hulle gesê, ‘Jy is onder arres!'

Ek is na die Maitlandse polisiestasie geneem, maar is na ’n uur vinnig teruggeneem, omdat die kleurlingvroue daarop aangedring het: 'As die persoon nie teruggebring word nie, sal dit die einde wees, julle kan dan maar die fabriek sluit.' Verstaan julle wat ek bedoel: as werkers ordentlik georganiseer is, verdwyn die kleurkwessie. Hier is ek, ’n Afrikaan, nie eens ’n Afrikaan wat goed kan kommunikeer nie, maar ek was vir hulle ’n simbool van eenheid. So het hulle ook gesê, 'daardie ou moet terugkom.' Hulle het my teruggeneem en die vroue het na die fabriek teruggekeer en ons het die staking gewen – kleurlinge gelei deur ’n Afrikaan. Jy weet, vir my was dit ’n groot gebeurtenis, omdat Suid-Afrika in segmente georganiseer is en mense dit moeilik vind om leiers uit ander rassegroepe te volg, maar in die vakbondbeweging was hierdie kleurlingvroue bereid om ’n Afrikaan te volg.

Die vakbond het ’n groot aandeel hierin. Byvoorbeeld, as mens arresteer word, sien jy dikwels blankes onder diegene wat gearresteer is. Jy weet, sodra jy mense begin organiseer, stel jy jouself bloot aan arrestasie, maak nie saak of jy wit, pienk of groen is nie. Verstaan jy, jy hoef dit nie in ’n boek te lees nie, dis so duidelik soos A, B, C: as mense in Suid-Afrika staak, dan is die polisie die eerste ding wat uitgeroep word – hulle moker (slaan) jou. Die regering is slegs ’n organisasie wat gevorm is deur diegene wat ’n klomp geld het om hulself te beskerm, dis niks anders nie.

**VRAAG 5: DIE PERIODE 1948 TOT 1976**

**5.1 WAS DIE 'CONGRESS OF THE PEOPLE' DIE EERSTE DEMOKRATIESE 'PARLEMENT' VAN DIE MENSE VAN SUID-AFRIKA?**

**BRON 5A**

Hierdie is 'n foto van afgevaardiges in 1955 by die 'Congress of the People' in Kliptown met plakkate waarop eise vanaf basiese menslike behoeftes tot menseregte is.




Kopiereg voorbehou

**BRON 5B**

Hierdie is 'n onderhoud met 'n vrywilliger wat die 'Congress of the People' in Kliptown in 1955 bygewoon het. Hy beskryf die gebeure soos wat dit plaasgevind het.

**Chetty**: Die Natal Middellande se afvaardiging het reg voor gesit, naby die verhoog. Van waar ons gesit het, kon ons oor die hele plek kyk. 'n See van gesigte. Die singery het aangehou. Eet. Verspreiding van pamflette. Lees. Mense wat praat. Dit was 'n massiewe skare.

Ek dink hulle het net na twee met die sessie begin. Hulle het 'n orkes van Johannesburg gehad, ANC-ouens, hulle het op 'n kitaar gespeel en begin sing. Haai, ek sê jou, die manier waarop hulle gesing het, het die skare laat deelneem.

Toe het die konferensie in alle erns aangegaan. Terwyl die prosedure aan die gang was, was dit gemeng met sang. Jy weet, Lilian Ngoyi en Winnie Mandela en Albertina [Sisulu], en hulle het iemand van die Kaap gehad, 'n SACPO- en 'n COD-groep het hul items gelewer.

Elke keer as daar 'n sessie van die Kongres plaasgevind het, was daar onmiddellike stilte en stemmigheid. Item-vir-item is die Handves gelees. Die Nasionale Konsultiewe Komitee het reeds 'n konsep voorberei. Daarna is dit oopgegooi vir bespreking.

**BRON 5C**


Hierdie is 'n onderhoud met Gert Sibande oor die gebeure by die 'Congress of the People'. Die legandariese Sibande, wie ingeperk was, het by die Kongres in 1955 gepraat.

**Gert Sibande**: Nadat ek uit Evaton verdryf is, het ek 'n twee jaar-inperkingsbevel gekry. Dit het net voor die 'Congress of the People' verstryk. Ek was seker dat hulle my weer sou inperk. Maar hulle kon my nie vind nie. Ek is vasbeslote om na Kliptown te gaan, want ek was een van die sprekers.

Ek het vermom na Kliptown gegaan. Ek het 'n gesigskerm en baadjie met 'n serp om my nek gedra. In Kliptown was hulle op die uitkyk vir my. Ek het reg langs Muller, hoof van die Geheime Polisie, gestaan. En toe sê die voorsitter: 'Ek roep die volgende spreker.' Ek het na die verhoog gestap en 'n jong man het my masker afgehaal.

'Dit is Sibande, dit is Sibande!' het Muller geskree. Die polisie het vinnig na die verhoog gestorm en dit omsingel. Maar Muller het aan hulle gesê: 'Gaan terug na jul motors.' Hy het geweet dat ek op die stadium mag gehad het. As ek sou sê dat hulle (die polisie) doodgemaak moes word, sou die mense hulle doodmaak. Ek het vir 'n halfuur op die verhoog gestaan en oor politiek gepraat. As daar iets ernstigs op my hart gelê het, kon ek twee tot drie uur geneem het om klaar te maak. Dit was 'n baie moeilike dag. Ek kom baie sterk oor wanneer ek 'n vergadering toespreek. Ek het nooit notas gebruik nie. Ek het altyd uit die vuis gepraat.

Hierdie is 'n foto van Gert Sibande, een van die sprekers by die 'Congress of the People' in 1955



**BRON 5D**

Hierdie is 'n uittreksel oor die 'uitdagings' wat die afgevaardigdes in die gesig gestaar het op pad na Kliptown in 1955.

Leiers soos die ANC se Albert Luthuli het die nodigheid besef van 'n heroorweging van strategie en samewerking met ander eendersdenkende teenstanders van apartheid. Die ANC het homself aan die nuwe 'Congress of Democrats', 'Coloured Peoples' Organisation', die 'South African Congress of Trade Unions' en die Suid-Afrikaanse Indiërkongres, verbind.

Vergaderings is in verskeie provinsies gehou en die Nasionale Aksiekomitee is aangewys. Die behoefte het ontstaan vir 'n 'Congress of the People' wat in Kliptown, naby Johannesburg, in Junie 1955 gehou is.

Byna drieduisend afgevaardigdes van alle rasse het op 25 en 26 Junie 1955 opgedaag om die Vryheidsmanifes te oorweeg. Diegene wat dit bygewoon het, het baie frustrasies beleef. Die polisie het party wat nie 'vervoerpermitte' gehad het nie, gestop. Andere moes voorgee dat hulle op pad na 'n troue was. Party moes ompaaie volg om by die vergadering op te daag sonder om teruggestuur te word. Gewapende polisie het opgedaag. Die voorsitter, Pieter Beyleveld, is deur die polisie se bevelvoereder genader. Hy moes die skare inlig dat die polisie tussen hulle sou deurloop om hul passe na te gaan en die baniere en plakkate te verwyder. Aantekeninge is van al die toesprake gemaak en alle blanke afgevaardigdes is gefotografeer.

Die Vryheidsmanifes is aanvaar. Dit begin soos volg: 'Ons, die mense van Suid-Afrika, verklaar vir die hele land en die wêreld om te weet, dat Suid-Afrika aan almal wat daarin woon, swart en wit, behoort en dat geen regering geregverdig op heerskappy aanspraak kan maak as dit nie gebaseer is op die wil van die mense nie.
Die doelstellings het ingesluit: dat die mense sal regeer; alle nasionale groepe sal gelyke regte hê; mense sal deel hê aan die land se rykdom; die land sal gelyk verdeel word onder dié wat dit bewerk; almal sal gelyk wees voor die reg; almal sal gelyke Menseregte hê; daar sal werk en sekuriteit wees; die deure van leer en kultuur sal geopen word; daar sal huise, veiligheid en gerief wees; daar sal vrede en vriendskap wees.

Kopiereg voorbehou 

## VRAAG 6: DIE PERIODE 1976 TOT 1994

### 6.1 WAT WAS DIE AANVANKLIKE STANDPUNTE VAN DIE POLITIEKE LEIERS OOR 'N ONDERHANDELDE SKIKKING VIR SUID-AFRIKA TUSSEN 1990 EN 1992?

**BRON 6A**

Die volgende is uittreksels uit verskillende artikels oor die aanvanklike siening van die Pan Africanist Congress oor onderhandelinge.

[Zeph Mothopeng het gesê] 'Ons bevryding, die bevryding van die Afrikaan-werker (African), kan nie oor onderhandel word nie, dit sal verwerf word. Jy kan nie na 'n onderhandelingstafel gaan vir jou vryheid nie. Wanneer jy na die onderhandelingstafel gaan, moes jy alreeds jou vryheid verwerf het.' *(Sowetan, 20 November 1989*)

'Die PAC se voortdurende onvermoë om ware politiek van retoriese politiek te onderskei, word getoon deur hierdie leë slagspreuke. Indien jy reeds bevry is en jou teenstaander verslaan het, waarom moet jy die moeite doen om na 'n onderhandelingstafel te gaan? Vroeg in 1990 het Benny Alexander, die PAC se sekretaris-generaal, dieselfde seining oor verwerping van onderhandelinge uitgespreek: Daar is geen kans dat onderhandelinge as 'n oplossing gesien kan word vir al ons behoeftes nie. Daarom is dit bestem om te misluk.' *(Indicator SA, vol. 7, no.3)*

'Politiek is die soeke na die oplossing; enigiets minder as dit is 'verraad'. Maar, soos gewoonlik, was die PAC orals. Die einste Benny Alexander het min of meer dieselfde tyd beklemtoon dat: Ons het nooit gesê ons is teen onderhandelinge nie. Ons het gesê wat ons standpunt is, maar omdat dit deur die media aangeneem is dat hierdie [standpunt] nou maklik deur die regering aanvaar sal word, sê die joernaliste daarom dat ons teen onderhandelinge is.' *(Work in Progress, Januarie, 1990)*

'Met die besef dat dit moontlik as 'n bysaak beskou gaan word, en onder druk van ander Afrika-lande wat steeds 'n bietjie finansiële ondersteuning daaraan verskaf het, het die PAC 'n raadgewende konferensie in Harare in Maart 1990 byeengeroep en sy siening oor onderhandelinge gewysig. Dit beweeg na 'n 'voorwaardelike aanvaarding' van onderhandelinge. Die PAC het 'n brief aan die OAE geskryf, om sy nuwe siening te beskryf.' *(sien Front File, April 1990)*

Kopiereg voorbehou 

**BRON 6B**

Hierdie is 'n uittreksel uit 'n artikel van Ken Owen, in die *Sunday Times* van 8 Maart 1992, onder die opskrif: *Aanvaar dit: hierdie sal die skeiding wees van weë.* In die artikel wil Owen die lesers oortuig dat onderhandeling die beste vir hul toekoms sou wees, daarom moet hulle JA in die referendum stem.

Die enigste vraag ... is dit, moet ons onsself daartoe verbind om 'n nierassige demokrasie deur onderhandeling daar te stel, of moet ons probeer om 'n blanke krygerstaat op 'n vyandige swart vasteland uit te kerf en dit vir ewig te verdedig?

Die keuse is duidelik: of ons brei ons mag uit, en offer ons seuns en rykdom in een laaste bo-menslike poging op om onsself uit Afrika se kloue los te skeur, of ons sit en onderhandel, en probeer om 'n demokrasie te skep, 'n land so vry en veilig dat sy verskeidenheid mense en kulture 'n glorie en nie 'n kruis sal wees nie.

Na beide kante staar ons onsekerheid in die gesig. Dit is nie ondenkbaar dat demokrasie wel kan misluk nie, ... maar dit is nog minder moontlik om te dink dat 'n klein wit staatjie vir ewig teen die hele wêreld kan voortbestaan ...

... Dr Andries Treurnicht, wat geweier het om by CODESA aan te sluit, praat van onderhandeling met swart mense oor 'n afsonderlike tuisland vir blankes. Hy praat louter onsin, en hy weet dit ...

... Ons kan nou uit 'n magsposisie onderhandel, later sal ons swakker wees. Die blanke bevolking word minder, sy skole loop leeg as gevolg van 'n tekort aan leerders, sy polisie en soldate word gebruik om die grense of voorstede te patrolleer ...

... Dr. Treurnicht en sy manne praat glad nie oor enige van hierdie sake nie. Met die uitsondering van die dwase Dr. Ferdi Hartzenberg, wat vasklou aan die Verwoerdiaanse-formule wat misluk het, kon hulle ons nog nie eers sê waar die nuwe 'blanke' staat sal wees nie, óf hoe dit sal funksioneer, óf wie dit sal verdedig nie. Hulle is anti-intellektueel en hulle gebruik die onkunde van hul volgelinge, wie hulle hoop, gereed is om blindelings gelei te word.

Kopiereg voorbehou 

**BRON 6C**

Hierdie is 'n spotprent van DON, gedateer 8 Oktober 1992, wat die periode van politieke hergroepering gedurende die onderhandelingsproses uitbeeld. In hierdie spotprent word Nelson Mandela en FW de Klerk voorgestel waar hulle 'n ingewikkelde tango dans, terwyl die Afrikaner-vleuel onder leiding van Andries Treurnicht uitreik na tuislandleiers soos Lucas Mangope (Bophuthatswana), Oupa Gqozo (Ciskei) en Mangosuthu Buthelezi (Kwa-Zulu).

Afrikaanse vertaling van wat gesê word:

...Toe gryp Oupa vir Lucas om sy middel terwyl Gatsha met my tiekie-draai... Gatsha! Gee aandag, Outjie




Dit is 'n dansvorm waarna verwys word as 'n "Vastrap"

Behalwe in gevalle waar spesifiek aangedui is, is alle materiaal in hierdie addendum vertalings van oorspronklike bronmateriaal uit Engels.

## ERKENNINGS

Uittreksels en visuele bronne wat in hierdie addendum gebruik is, kom onder andere uit die volgende publikasies:

ANC. n.d. *What Can I Do? – A Guide to Action Against Apartheid* ([Amsterdam]: World Assembly of Youth)
Beinart, W. 1994 *Twentieth Century South Africa* (Oxford: University Press)
Berry, A. 1989 *Act by Act – 40 Years of Nationalist Rule in South Africa* (Johannesburg: Lowry)
BOPG. 1953 *Agter Tralies en Doringdraad* (Stellenbosch: Pro Ecclesia)
Bottaro, J and P. Visser 1999 *In Search of History Grade 12* (Cape Town: Oxford University Press)
Brickhill, J. 1991 *South Africa – The End of Apartheid?* (London: Aladdin)
Callinicos, L. 1993 *A Place in the City – The Rand on the Eve of Apartheid*, (Cape Town: Ravan & Maskew Miller Longman)
Cameron-Dow, J. 1994 *South Africa 1990-1994. The Miracle of a Freed Nation* (Cape Town: Don Nelson)
Danziger, C. *South African History 1910 – 1970.* (Cape Town: Oxford University Press)
Davenport, T.R.H. 1987 *South Africa: A Modern History* (Bergvlei: Southern Book Publishers)
Dugmore, H et al (ed.). 1999 *Nelson Mandela – A Life in Cartoons* (Cape Town: David Philip)
Du Toit, D. 1981 *Capital and Labour in South Africa* (London: Kegan Paul)
Fenwick, J and C. Rosenhain. 1991 *South Africa; From Settlement to Self-Determination* (Melbourne: Oxford University Press)
Frederikse, J. 1987 *South Africa – A Different Kind of War* (London: James Currey)
Govender, S.P. et al 2004 *New Generation History Study Guide Grade 12* (Musgrave: New Generation)
Govender, S.P. et al 2003 *New Generation History Grade 12* (Musgrave: New Generation)
Graves, F.E and E. Viglieno 2001 *History for Today Grade 12* (Landsdowne: Juta Gariep)
Institute for Justice and Reconciliation 2004 *Turning Points in History Series Books 4 – 6* (Johannesburg: STE Publishers)
Joyce, P. 1990 *The Rise and Fall of Apartheid* (Cape Town: Struik)
Kerfoot, C. (ed.) *We Came to Town* (Johannesburg: Ravan)
Lewsen, P. 1988 *Voices of Protest – From Segregation to Apartheid* (Johannesburg: A.D. Donker)
McMahon P. and E. Schulman. *X-Kit History HG and SG Grade 12* (Cape Town: Maskew Miller Longman)
Mermelstein, D. 1987 *The Anti-Apartheid Reader* (New York: Grove)
Ministry of Education 2004 *Every step of the way: The journey to freedom in South Africa* (Cape Town: HSRC Press)
Muller, C.F.J. (ed.) 1980 *500 Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis* (Pretoria: Academica)
Nasson, B. (ed) 2004 *Turning Points in History* (Johannesburg: STE Publishers)
New Nation publication (April 16 – April 22 1993).
Nuttal, T. et al *From Apartheid to Democracy* (Pietermaritzburg: Shuter & Shooter)
O'Donoghue, C. June 16, 1976: The Day that Shaped a Nation (*Marie Claire,* June 1998)
Pampallis, J. 1997 *Foundations of the New South Africa* (Cape Town: Maskew Miller Longman)
Pape, J. et al 1998 *Making History Standard 10 Grade 12* (Johannesburg: Heinemann)
Pike, H.R. 1985 *A History of Communism in South Africa* (Pretoria; Sigma)
Roberts, M. 1993 *A History of South Africa* (Essex: Longman)
Seleti, Y. (series ed.) *Looking into the Past Grade 12* (Cape Town: Maskew Miller Longman)
Suttner Raymond (n d) *The Freedom Charter – The People's Charter in the Nineteen-Eighties* (Paper delivered at the University of Cape Town)
The Poster Book Collective: South African History Archive. 1991 *Images of Defiance* (Johannesburg: Raven Press)

Kopiereg voorbehou